

GEBED VAN BEWUSWORDING¹

(Gebruik hierdie as die laaste afspraak met God voor julle groep se volgende ontmoeting).

Word ten volle teenwoordig (*Begin hierdie oefening met 1 minuut se stilte en 'n gebed waarin jy God uitnooi om jou te ontmoet*)

i. Skryf die hoof momente in die laaste week neer (dit kan positiewe en negatiewe gebeure insluit)

ii. Watter gebeurtenisse het die grootste invloed op jou gehad?

iii. In watter gebeure van jou week het jy die diepste emosies beleef?

iv. In watter deel van jou week was jy die beste weergawe van jouself?

v. In watter deel van jou week was jy nie jou ware self nie?

¹ Vertaal uit die boekie Ignite wat deur Oasis en Rhythm of life ontwikkel is. Met dank aan Adri-Marie van Heerden en Curtis Love

vi. Waar het jy God se beweging(s) ervaar?

vii. Waarvoor is jy dankbaar?

viii. As jy oor die laaste week dink, wat moet jy oorgee (let go?)

ix. As jy oor die laaste week dink, waar het jy hulp of vergifnis nodig?

x. As jy oor al hierdie vrae dink, waarvan word jy bewus?

xi. Praat met God oor die week wat voorlê, wat is jou begeerte?